





NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

AKSIE

**BKN042/10/2017**  
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Direkteur Finansiële Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Uitvoerende Burgemeester almal by die vergadering verwelkom.

\*\*\*

**BKN043/10/2017**  
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**  
**3/3/1/4**

Rdl. MA Wessels – SALGA “Western Cape Prov. Assembly” – Beaufort West  
Adv H. Linde – SALGA “Western Cape Prov. Assembly” – Beaufort West  
Interne Ouditeur – kraamverlof

\*\*\*

**BKN044/10/2017**  
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**  
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

\*\*\*

**BKN045/10/2017**  
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 12 OKTOBER 2017**  
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 12 Oktober 2017 bekragtig word.

**KLERK: KOMITEE  
DIENSTE  
(AA SOMERS)**

\*\*\*

**BKN046/10/2017**  
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE SPESIALE VERGADERING: DONDERDAG 19 OKTOBER 2017**  
**3/3/2/2**

Dat die notule van die spesiale vergadering gehou op Donderdag 19 Oktober 2017 bekragtig word.

**KLERK: KOMITEE  
DIENSTE  
(AA SOMERS)**

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN047/10/2017**

**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**  
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester en waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat hulle geen mededelings het nie.

Raadslid du Plooy spreek sy innige meegevoel uit teenoor die Uitvoerende Burgemeester met die heengaan van sy moeder, waarna 'n oomblik van stilte gehandhaaf word.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*




**BKN048/10/2017**

**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**  
**3/3/1/5**

Geen

\*\*\*



**BKN049/10/2017**

**MOSIES / VRAE**  
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*



**BKN050/10/2017**

**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BEGROTING: HOOFPAD**  
**SUBSIDIE 1 JULIE 2018-30 JUNIE 2019**  
**9/1/2**

*(’n Gewysigde verslag word ter tafel gelê – Bylae A)*

Die Direkteur Tegnieese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en hou die aanbeveling voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging.

Verdere insette, kommentaar en vrae word gelewer deur die Komitee lede.

**BESLUIT**

1. Dat die begrote bedrag van R 100 000 vir noodsaaklike onderhoudswerk aan geproklameerde hoofpaaie goedgekeur word;
2. Dat die nodige ondersoeke gedoen word ten opsigte van die opgradering van die geproklameerde hoofpaaie (kapitaalwerke aan geproklameerde hoofpaaie); en
3. Dat daar aansoek gedoen word by die Departement van Vervoer en Openbare Werke vir oorweging en goedkeuring in toekomstige begrotings.

\*\*\*





NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN051/10/2017**

**TWEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATERDIENSTE  
ONTWIKKELINGSPLAN**

**9/1/2**

*(’n Gewysigde verslag word ter tafel gelê – Bylae B)*

Die Direkteur Tegniëse Dienste lei die item in en neem die Komitee deur die verslag.

Die Direkteur Tegniëse Dienste bevestig dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan op die munisipale webtuiste geplaas is.

Verskeie insette, kommentaar en vrae word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan (Julie 2016) goedgekeur word;
2. Dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan uitgebrei word om voorsiening te maak vir die droogte situasie; en
3. Dat die voorskrifte van Artikel 18 van die Waterdienste Wet, 108 van 107 nagekom word.

\*\*\*

**DIREKTEUR:  
TEGNIËSE DIENSTE**

**BKN052/10/2017**

**MONITERING VAN WATERKRISIS**

**16/1/1**

Die Direkteur Tegniëse Dienste lei die item in en rapporteer dat die Kommunikasieplan met betrekking tot die waterkrisis by die Spesiale Burgemeesterskomiteevergadering van Donderdag 19 Oktober 2017, bespreek is.

Ten slotte meld hy dat ’n opgedateerde verslag met verdere aksies wat geloods is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versprei sal word.

\*\*\*

**DIREKTEUR TEGNIËSE  
DIENSTE**

**BKN053/10/2017**

**2017/18 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30  
SEPTEMBER 2017 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE  
MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

**15/1/5/5**

The Manager: Strategic Services gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July 2017 - 30 September 2017) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report, which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN054/10/2017**

**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 1 JULIE 2016 TOT 30 JUNIE 2017**

**4/7/16**

*(’n Vervangende bladsy 52 word ter tafel gelê – Bylae C)*

Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, ter inligting aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME AAN DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie beoordeling Artikel 57 Poste vir die tydperk 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017.

\*\*\*

**BKN055/10/2017**

**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR KENNISNAME**

**8/1/1**

Geen

\*\*\*

**BKN056/10/2017**

**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREGING VAN VERSLAE EN NOTULES**

**3/2/1/3**

By navraag deur die Uitvoerende Burgemeester rakende die notules van die Wykskomitees meld die Bestuurder: Strategiese Dienste dat geen formele wykskomiteevergaderings die afgelope maand gehou is nie.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat maandelikse/kwartaallikse verslae van die Bestuurder: Strategiese Dienste aan een van die Portefeulje Komitee voorgelê moet word, waarna die Speaker die voorstel ondersteun.

Hy meld verder dat ’n gespreksessie tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en die Direksie sal plaasvind op Maandag 06 November 2017 waar die aangeleentheid met betrekking tot verslae/notules van wykskomitees, bespreek sal word.

**BESLUIT**

Dat die aangeleentheid met betrekking tot die opneem van wykskomitee verslae/notules in agendas van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering onder die aandag van die Munisipale Bestuurder gebring word ten einde vas te stel by watter Portefeulje komitee/vergadering dit voorgelê moet word.

\*\*\*

**BKN057/10/2017**

**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

BKN058/10/2017

IN KOMITEE: BESLUITTE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN  
KENNIS GENEEM IS

Geen

\*\*\*

BKN059/10/2017

IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING /  
KENNISNAME

Geen

\*\*\*

BKN060/10/2017

IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING /  
KENNISNAME

Geen

\*\*\*

**DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:45**

\*\*\*



*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE  
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**

\*\*\*